



## Wat is jou verantwoordelikheid as produsent?

Tans word die ryk biologiese diversiteit in die Wes-Kaap nie na behore beskerm nie, wat beteken dat dit bedreig word. Dit is gedeeltelik aan gebrekkige hulpbronne toe te skryf, maar ook omdat 80% van die grond waarop belangrike plantegroei voorkom, nie binne formeel beskermde gebiede val nie, maar op grond wat privaat of gesamentlik besit word. Dit is hier waar JY 'n belangrike rol kan vervul!

Die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne vereis dat alle grondgebruikers binne die drakragnorme van die natuurlike veld hou. Jy as produsent het dus die verantwoordelikheid om die natuurlike hulpbronne beter te bestuur.

Help ons om 'n toekoms vir die samelewing te verseker en ons natuurlike erfenis aan ons nageslag na te laat.



Dr AD Wheeler

## Ons vennote:



### Kontak ons gerus vir verdere inligting:

Projekbestuurder: Anita Wheeler  
E-pos: [anita@saobc.co.za](mailto:anita@saobc.co.za)  
Projekassistent: Yvette Lötter  
E-pos: [yvette@saobc.co.za](mailto:yvette@saobc.co.za)

Telefoon: **044 272 2210**  
Faks: 086 528 9647  
Posbus 952 Oudtshoorn 6620



Tread Lightly!  
Loop Lig!

## Omgewingsbestuur in die Volstruisbedryf



Die balans tussen benutting en bewaring


Befonds deur:





## Loop Lig Volstruisprojek: Waaroor gaan dit?

Die Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer het meer as R3 m van die Nasionale Lotery Verspreidings-trust-fonds (NLDTF) ontvang vir die vestiging van 'n bio-diversiteitseenheid wat kan omsien na die balans tussen die benutting en bewaring van die natuurlike omgewing in die biodiversiteitsryke Klein Karoo.



**Vertrapping**—die effek van te veel volstruise op natuurlike veld.

150 jaar van intensiewe volstruisboerdery het reeds sy merk gelaat. Ongelukkig is daar minder as 4% van sommige van die plantegroeitipes in die laagliggende gebiede van die Klein-Karoo oor.

Die streek met sy spesiale plantegroei is krities bedreig. Indien produsente nie hul bestuurspraktyke aanpas nie, sal die dienste (wateropvangs, bestuiwing, weiding, ens.) wat die natuur aan 'n grondeienaar voorsien, nie meer so doeltreffend kan plaasvind nie.

Die R3.1 m wat oor 'n tydperk van drie jaar voorsien word, sal onder andere aangewend word om volhoubare veldbestuursmetodes aan volstruisprodusente voor te stel en dus voort te bou op die boustene van die projek wat in 2007 begin is.



## Studiegebied

Die projek fokus op volstruisprodusente binne die Oudtshoorn kom — tussen Calitzdorp en De Rust. Plase word geëvalueer op grond van die belang van hul natuurlike plantegroei en of hulle van natuurlike veld gebruik maak vir hul broeivoëls. Aanbevelings vir alternatiewe bestuurspraktyke kan gemaak word. Daar word veral gefokus op omgewingsfaktore.

Die SAVBK se Bio-diversiteitsbestuurseenheid se Beste Praktyke-dokument word gebruik as maatstaf vir die verbetering of verandering van produsente se bestuurspraktyke.

Alle volstruisprodusente is welkom om ons te nader vir inligting en raad ten einde te voldoen aan die projek se omgewingstandaarde.



## Hoe loop ek lig?

Die *Loop lig*-projek is daarop gemik om volstruisprodusente bewus te maak van die impak wat hul boerdery op die omgewing het, hetsy natuurlike omgewing, plaaswerf, voerkrale of kampe. Met ander woorde, om te streef na volkome volhoubaarheid. Volhoubaarheid verwys nie net na ekonomiese aspekte nie, maar moet ook die sosiale aspekte en die omgewing in ag neem. Die projek wil graag saam met produsente stap om hul spoor op die plaas kleiner te maak en te poog om te voldoen aan die projek se omgewingstandaarde!

Een van die hoofbevindinge uit ekonomiese studies wat deur die vorige projek geloods is, toon aan dat die kleinkampiestelsel die mees ekonomiese en omgewingvolhoubare praktyk is. Die projek help graag enige produsent wat die praktyk wil ondersoek of implementeer.



**Die kleinkampiestelsel word geag as 'n volhoubare volstruisboerderypraktyk.**



## Hoekom die Kleinkampiestelsel?

Die *Loop lig*-projek streef daarna om produsente by te staan om die balans tussen benutting en bewaring van die natuurlike omgewing te vind. Die meeste volstruisbroeiplase in die Klein-Karoo is in krities bedreigde veld geleë.

Die omskakeling na die kleinkampiestelsel hou nie net 'n ekonomiese voordeel vir die produsent in nie, maar het ook 'n aansienlike positiewe impak op die omgewing. Dus word hierdie bestuurspraktyk beskou as 'n omgewingvolhoubare boerderypraktyk.

Akkurate rekordhouding van elke kampie is uiters noodsaaklik om die regte seleksie van broeivoëls te bepaal. Buiten effektiewe seleksie, verminder die stelsel voer-, water- en roofdierversliese.

Die onderstaande skets toon hoe so 'n kleinkampiestelsel ingerig en bedryf behoort te word.

